**LAINGSBURG MUNISIPALITEIT**
**KENNISGEWING 11/2019**
**VAKATURE**

**Laingsburg Munisipaliteit (WC051), 'n Plaaslike Munisipaliteit geleë in die Sentraal Karoo van die Wes-Kaap, nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate om aansoek te doen vir die volgende vakante permanente aanstelling met 'n 6 maande proeftydperk:**

**BESTUURDER: INFRASTRUKTUURDIENSTE**
**SALARISPAKKET - POSVLAK – T16: R 446 832,00 – R 580 020,00 PER JAAR**
**ADDISIONELE VOORDELE SLUIT IN VOERTUIGTOELAAG, PENSIOEN EN MEDIES, MUNISIPALE HUURBEHUISINGSKEMA INDIEN BESKIKBAAR**

**VERPLIGTE VEREISTES**

- 'n Erkende kwalifikasie op die gebied van Siviele Ingenieurswese (NQF 6)
- 7 Jaar en meer bewese toepaslike ondervinding
- Ervaring van watervoorsienings- en riooldienste, vullisverwydering, watersuiwering, asook padinstandhouding sal voordelig wees

**VERKOSE VEREISTES**

- Basiese kennis van alle Wetgewing relevant tot die Betrekking
- Sterk Bestuursvaardighede
- Goeie kommuniksasie vaardighede en die vermoë om te kommunikeer in veral Afrikaans en Engels
- 'n Geldige Bestuurderslisensie en
- Rekenaargeletterdheid

**PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

Die suksesvolle kandidaat sal aan die Munisipale Bestuurder rapporteer en sal onder andere die volgende pligte uitvoer:

- Bedryf en instandhouding van Munisipale Dienste soos water, sanitasie, paaie, vaste afval, elektrisiteit en behuising
- Beheer en bestuur van prosesse wat verband hou met infrastruktuur projekte
- Strategiese beplanning van toekomstige dienste en infrastruktuur om aan behoeftes te voldoen
- Ontwikkeling van sektor planne en beleide soos vereis
- Monitering en beheer van sleutel prestasie-areas en aksies wat verband hou met die Munisipale Infrastruktuur Toekenning
- Bestuur en Beheer van Personeel in die Afdeling
- Verspreiding van inligting oor uitkomste, verwikkelinge, probleme en besprekings

Aansoeke vergesel met 'n Amptelike Munisipale Aansoekvorm, 'n Kurrikulum Vitae en Gesertifiseerde Afskrifte van Identiteitsdokument, Bestuurderslisensie en alle kwalifikasies moet gemerk ("Bestuurder Infrastruktuurdienste") gestuur word na: Die Munisipale Bestuurder, Van Riebeeckstraat 2, Laingsburg, 6900.

LET WEL: **Geen aansoeke per e-pos, faks en of laat aansoeke sal aanvaar word nie. Die Munisipaliteit behou die reg voor om geen aanstelling te maak na die plasing van hierdie advertensie. Navrae met betrekking tot hierdie advertensie kan gerig word aan mejuffrou A Groenewald by 023-5511019 gedurende kantoor ure.**

SLUITINGSDATUM: VRYDAG 15 MAART 2019
DIENSAANVAARDING: SO SPOEDIG MOONTLIK

PA WILLIAMS
MUNISIPALE BESTUURDER

19 Februarie 2019

Munisipale Kantore
Privaatsak X4
LAINGSBURG
Tel: (023) 55 11 019

2019-02-20